**Huiswerkvel 25 (Hoofstuk 13)**
**Memorandum**

**Vraag 1**
Beantwoord die volgende vrae oor die drama, *Betower*:

1.1 Gee ’n sinoniem vir die woord “drama.” (1)
*Toneelstuk / Opvoering*

1.2 Wie is die hoofkarakter in *Betower?*(1)
*Nadia*

1.3 Verduidelik wat jy verstaan onder die **milieu** in ’n drama. (3)
*Dis die fisiese ruimte (1), die emosionele ruimte (1) en die tyd (1).*

1.4 Sê of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is:
1.4. ’n Choreograaf is verantwoordelik vir die kostuums van die karakters. (1)
*Onwaar*
1.4.2 Die souffleur werk die bewegings op die verhoog uit. (1)
*Onwaar*
1.4.3 Die verhoogbestuurder reël alles op die verhoog. (1)
*Waar*
1.4.4 Die tyd in die drama is wanneer die gebeure plaasvind. (1)
*Waar*

1.5 Wie is die skrywer van die drama, *Betower*? (1)
*Fanie Viljoen*

1.6.1 Wat het Amazolo vir Thandi gesê wat haar so hartseer gemaak het dat sy nie verder kon praat nie? (2)
*Amazolo het vir Thandi vergifnis aangebied. Sy was tevrede met die naam wat Thandi vir haar seun gegee het.*
1.6.2 Hoe was hierdie besoek van Thandi aan Amazolo anders as die vorige keer toe sy vir Amazolo besoek het? (2)
*Die vorige keer was Thandi daar om vir Amazolo te verneder. Nou is sy die een wat om verskoning kom vra.*
1.6.3 Wat dink jy, wou Thandi dalk nog vir Amazolo gesê het? (2)
*Sy wou dalk sê sy is spyt dat sy haar seun gevat het.*

[15]

**Vraag 2**
Gebruik die toepaslike assesseringsrubriek vir die assessering van die transaksionele teks.

[30]